
Die KEKKELBEK *nuusbrief*

# DIE KEKKELBEK

## NUUSFLITSE

**JAARGANG: 28 UITGAWE: 6**

SUID AFRIKAANSE WOONWA ASSOSIASIE






**Mei 2009**

INHOUDS OPGAWE

**3 Redaksie**

4 Boekevat

5 Voorsitter / SAWA se leiers gesels

6 Algemeen / volgende kamp

7 Potjiekos resepte

8 Kampe 2009

9 Foto blad

10 Foto blad verv.

11 Foto blad verv.

12 Foto blad verv.

13 Vorige Kamp

14 Pensioenaris hoekie.

15 Verjaardsdae, huwelikher-denkings—lief en leed

16 NUB Christo vd Merwe

17 Grappies

18 Nog fotos

19 Vaaldriehoek Bestuur

20 Brood resepte

Goeie dag Sawanante

Ons groet julle met 'n lied in die hart en die naweek met sy koue fronte verby – gelukkig sal ons die naweek onthou vir die meer aangename dinge as om te konsentreer op die minder aangename, maar aan die anderkant bly dit deel van kamp en ons kan ongelukkig nie die weer bestel nie.

Kroonpark naweek was nie so goed ondersteun soos wat ons verwag het nie, maar dit was 'n goeie oefenlopie na die winterkampe by Klipdraai en Eastco. Ons sou net meer daarvan gehou het as die lede wat op die vorige AJV die winterkampe voorgestel en aangemoedig het ook daar kon wees, maar ons sal hulle dophou om te sien of hulle teenwoordig gaan wees op die volgende twee kampe, maar nie net hulle nie, almal is baie welkom – onthou maar die boulas en genoeg vuurmaak hout en kole, die elektiese kombers en verwarmertjie. Bo-genoemde oorde se elektrisiteit is op standaard en Klipdraai beloof om 'n nuwe ervaring te wees met "wild" wat baie mak is en tussen die waens loop. Die badkamers is familie badkamers met genoeg warm water en alles wat nodig is. Een kant van die saal het jy 'n redelike lang verlengingskoord nodig om die kragproppe te bereik, maar as jy nie een het nie maak ons mos maar soos dit goeie bure betaam – tap maar krag by jou buurman.

Die naweek se potjiekos was weereens van hoogstaande gehalte waar die manne en dames hulle goed van hul taak gekwyt het. Die doedies het ook uit hul pad gegaan om die tema van die kamp by elke vrou tuis te bring.

Verblydende nuus is dat Vaalrivier se ledetal besig is om op te tel met vier nuwe aansoeke wat goedgekeur is tot nou weer 102 nadat ons hopenlik gedraai het by 98.



Dit klink goed, maar as ons na die persentasie kamp bywoning kyk dan lyk dit of ons lede deur die SA Weerdiens beheer word.

Rus nou maar heerlik uit en ons hoop werklik om julle by Klipdraai te sien.

Groete – Red.

## BOEKEVAT

# *Wie is reg?*

In die standerd twee-klas wou die onderwyseres weet watter element in die volgende versameling nie pas nie: hond, kat, televisie. 'n Dogtertjie het hand opgesteek en geantwoord: "Kat, Juffrou!" Teleurgesteld oor die "dom" antwoord sê die onderwyseres: "Aag nee, Joanie. Jy weet mos beter. Hoekom sê jy so?" Waarop Joanie dadelik verduidelik: "'n Mens het nie nodig om vir 'n kat 'n lisensie te koop nie!"

'n Mens kan partykeer oorhaastig oordeel dat 'n persoon se sienswyse verkeerd is sonder om eers goed daaroor na te dink. Twee persone kan verskillende menings omtrent 'n saak hê en albei kan wel 'n deel van die waarheid beet hê.

Joanie se boodskap aan haar juffrou was: luister goed na iemand as hy praat; oordeel nie oorhaastig nie; probeer om jou in die plek van die ander persoon te stel; wees billik. Dan is jy mos bedagsaam en openbaar jy 'n element van naasteliefde. So gun jy aan 'n ander wat jy as mens vir jouself gun, naamlik die reg op 'n eerlike mening of standpunt.

**Teks vir die week:**

"En . . . moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar, en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense" (2 Pet 1:5-7)

Here Jesus, dit is wonderlike dat ek in gebed met U kan praat, U kan aanbid, U kan dank en begeertes en bekommernisse met U kan deel. Dankie dat U luister. Baie dankie Here vir U genade en dankie ook vir U belofte dat ons al ons bekommernisse op U kan plaas en dat ons aan U behoort en belangriker is as die voëls en die veld wat U onderhou. Here help ons ook om dit aan U toe te vertrou. - *Amen*

# Voorsitter verslag :

,

Hallo Sawanante,

Nog 'n kamp verby en nou is die winter op ons. Die bome verloor hulle blare vinnig en die sonnetjie steek al hoe later sy kop uit. Dit is winter en dit word al hoe kouer, maar in ons harte weet ons dat ook dit verby gaan. Daar is boere wat beweer dat hoe kouer die winter word, hoe beter oeste kry hulle die volgende plant seisoen. Dit is dalk so maar ek is net bly winter in ons mooi land is van korte duur.

Kroonpark het verbeter vandat ek laas daar was. Die gras word gesny en die rommel word verwyder. Die badkamers was ook mooi skoon. Ek is net jammer dat hul warm swembad nie warm was nie. Onse doedies het natuurlik 'n lieflike kamp gereël. Ons het 'n lekker potjiekos kompetisie gehad en daar was 5 ouens wat mekaar die stryd aangesê het. Die persoon wat toe as wenner aangewys was is Danie van Niekerk. Hy het die beoordeelaars lam in die knieë gehad met sy seekos pot. Daar was so 'n bietjie drama tussen die eerste 3 potte en daar moes oor en oor geproe word om die wenner te bepaal. In die tweede plek was ons ondervoorsitter, Hanrick en net net derde Anzunette. Baie dankie aan julle almal wat deelgeneem het. Volgende keer sal ek groter bordjies moet bring. Dan hoef ek nie kos te maak vir my gesin nie en elkeen kry 'n bord kos!

Ons wou die jag kompetisie trekking afhandel by Kroonpark maar omdat daar nog te veel boekies uitstaande is, het ons daarteen besluit. Ek dink dit sal baie onregverdig wees as iemand se kaartjie nie in tel is omdat die boekies nie betyds ingehandig is nie. Ek wil dan nou 'n laaste beroep op elkeen doen wat nog 'n boekie het om dit so gou as moontlik aan ons sekretaresse terug te besorg sodat ons die trekking kan afhandel. Die trekking sal dus nou soos oorspronklik beplan was gedoen word op 24 Mei 2009 by Klipdraai tydens die Voorsitterstee.

Julle moet julself geniet en sien julle by Klipdraai. Bring hout, boulas, komberse en warm baadjies. Ons gaan lekker kamp!

Francois

*Kennis geskied hiermee dat die nege en twintigste Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie, Streek Vaalrivier, gehou sal word op Saterdag 23 Augustus 2009 te Koppiesol, distrk. De Deur.*

# VOLGENDE KAMP

MEI KLIPDRAAI—Meyerton 22—24

R 80 per nag = R160

Plus R10 vir plaatjie.

ROETE:

Vanaf Vereniging—neem die R59 na Meyerton en neem die eerste Meyerton afrit - Verwoerd—regs onderdeur die snelweg tot by die stopstraat. Regs in Viljoen tot by Jean laan weer regs en ry binne in die oord se hek in.

Juffrou: Gatiepie, wat beteken "KORTWIEK"

Gatiepie: Juffrou, dit is 'n gewone wiek met 'n public holiday tussenin.

Geniet jou KORTWIEK!!!

Voorlopig oor die kamp

Vrydag 18h00—Boekevat en saambraai.

Saterdag 09h00—Boekevat en betaaltyd.

Daarna—sien program

Sondag Kinderkerk, kerk en voorsitters tee

6.

Daar is nuwe verwikkelige op die SAWA webwerf

Die adres is www.sawa.org.za

Klik dan op "Vaalrivier" en sien wat is aan die gebeur.

Besoek gerus die ander streke ook.

## ALGEMEEN

1

Onthou asseblief julle jag boekies Trekking gaan die naweek plaasvind met voorsitters tee.

2.

Ons het dit goed gedink om spesiaal vir die Sawanate 'n R10 advertensiediens per 25 woorde per druk bekend te stel. Dit kan enige iets wees maar nie kommersieël van aard nie.

3.

Aansoeke word ingewag vir benoemmings ten opsigte van MERIETTE toekennings. Die voorgeskrewe nominasie forms kan by ons sekeretaresse gekry word.

4

Vir nominasies t.o.v. Vaalrivier bestuur kan die voorgeskrewe form ook vanaf Marie van Niekerk gekry word en aansoeke word ingewag.

5.

Die nuwe Vaalrivier emblem / vlag is ook aan die meeste van ons gewys en ons moet weereens vir Helen van der Westhuisen gelukwens met die pragtige ontwerp.



Fanus Rautenbach sê ons moet almal eendag sterwe, maar elkeen sterf volgens sy beroep:

Reisigers gaan heen.
Jagters gaan bokveld toe.
Parlementslede op die groen kussings gaan sag heen.
Die melkman en die posman kom om.
Kokke steek lepel in die dak.

Die horlosiemaker se tyd het aangebreek.
Die valskermspringer ontval ons.
Die tuinier is van die gras af gemaak.
Die melkboer het die emmer geskop.
Die begrafnisondernemer sien sy gat.

Die dominee het die tydelike met die ewige verwissel.
Die ouderling is ontslape.
Die koerantman is direk hemel toe.
Die skeidsregter het sy laaste asem uitgeblaas.
Die dokter se hart het gaan staan.

Die elektrisiën se liggie is gedoof.
Die koster het die doodsklok hoor lui.
Die kleremaker se draad is geknip.
Die Springbokrugby-afrigter kom tot rus.
Skoonmoeder - die duiwel het haar kom haal



## Kampe 2009

| | | Oord | Tema | Tarief | Opmerking |
|---|---|---|---|---|---|
| 23-25 | Januarie | AMIGOS | VISVANG | R 260.00 | As meer as 20 woonwaens, anders R280.00 en R100 vir Donderdag as vroeër arriveer. |
| 20-22 | Februarie | SUIKERBOSRAND | | R 115.00 | Per nag vir eerste 4 persone. Getroude kinders en gaste R40 per persoon per dag |
| 13-15 | Maart | KOPPISOL | GEBIED | | Het nog nie die tarief nie. |
| 10-13 | April | POTCHDAM | PRESIDENTE | R 450.00 | R100 per nag as vroeër arriveer. Bespreek |
| 24-27 | April | KROONPARK | | R 68.00 | per nag + R17.00 per persoon |
| 22-24 | Mei | KLIPDRAAI | | R 80.00 | Per nag |
| 12-16 | Junie | Eastco Magalies | | R 150.00 | per nag / Bespreking |
| 28-30 | Augustus | KOPPISOL | AJV | R 240.00 | Bespreking |
| 25-27 | September | BLOEKOMPOORT | | R 150.00 | Naweek tarief |
| 23-25 | Oktober | KOPPISOL | GEBIED | | Het nog nie die tarief nie. |
| 27-29 | November | SUIKERBOSRAND | KERSBOOM | R 115.00 | Per nag vir eerste 4 persone. Getroude kinders en gaste R40 per persoon per dag |

# FOTO BLAD TE Kroonpark (Die oord)










# FOTO BLAD TE Kroonpark *(vervolg)*









Nuwe lede voorgestel Ernst en Ina Marais en gesin









# Die potte










## FOTO BLAD TE Kroonpark (vervolg) Die kuier














Die oorhandiging van die vorige jaar se kerk kollekte geld is gedoen aan Eurisko deur die Voorsitter—Francois Pretorius en Sekeretaresse—Marie van Niekerk van Sawa Streek Vaalrivier. Dit is nou 'n byna gereelde instelling om Eurisko finansieël te ondersteun en net nog 'n bewys dat SAWA terugploeg in sy eie gemeenskap waar die ondersteuning baie nodig is. Dankie ook aan Francois vir sy steun aan Eurisko deur in sy eie hoedanigheid behulpsaam te wees met onderhoud, ens. Ons is trots op jou.



Hanrick en Francois met die

Helen v d Westhuizen ontwerp




**Vorige kamp:**

Statistieke :Vaalrivier : 16

Besoekers : 1

**Doedies**



*Grappies* Drie seuntjies spog by die skool oor hulle pappas. Die eerste een sê:

" My pa skryf 'n paar woorde op 'n stuk papier en noem dit 'n gedig en dan gee hulle hom sommer R 500.00. "Die tweede een sê: " Dis nog niks nie. My pa skryf 'n paar dinge op 'n stuk papier en hy noem dit 'n lied en dan gee hulle hom R 1000.00. " Die derde seuntjie sê " My pa is nog beter. Hy skryf 'n paar woorde op 'n stuk papier en noem dit 'n preek. En dan vat dit 8 manne om al die geld bymekaar te maak!".

## Groendakkies

***Op 'n besoek aan 'n hospitaal vir verstandelik gestremdes vra 'n besoeker een van die dokters:. "Wat presies is die kriteria wat bepaal of 'n pasiënt opgeneem word of nie?" Hy merk ook op: "Die mense wat ons tot dusver hier gesien het, lyk vir my so normaal soos ek en jy."***

***"Wel," antwoord die geneesheer, "Ons maak 'n bad vol water. Dan kry ons pasiënt 'n teelepel, 'n teekoppie en 'n emmer. Ons sê vir hom dit is 'n baie belangrike toets. Die spoed waarmee hy dit gaan afhandel, sal deurslaggewend wees. Ons wys hom die stophorlosie wat gebruik word om die tyd noukeurig te bepaal en vestig ook weer sy aandag op die teelepel, die koppie en die emmer. Hy word gevra om die bad so vinnig as moontlik leeg te maak."***

***"Mmmmmm . . . Ek verstaan," sê die besoeker. " 'n Normale persoon sal die emmer gebruik, want dit is groter as die teelepel en die koppie."***

***"Nee," sê die dokter. "Enige normale persoon sal die prop uittrek. Wil Jy 'n bed naby die venster hé? "***

## Lief

Pieter en Helen van der Westhuisen—nuwe woonwa

Surina Power—nuwe woonwa

Francois en Arlenè Kloppers—Baba dogter

## Leed

Thys en Stanie Cronje—Dogter ernstig siek—Milpark hospitaal

Fanie Nortje—suster oorkede

***Huweliksherdenkings : MEI***

06 Johan & Nanette Olivier

06 Antonio & Alida de Oliveira

08 Derick & Michelle v d Merwe

14 Daan & Marna Welgemoed

28 Neels en Reinette Kriel

29 Andries & Ralie Haasbroek

***Huweliksherdenkings :JUNIE***

05 Frik & Lynette Mong

12 Hanrick & Mahlie Schoults

22 Mike & Danita van Wyk

28 Hannes & Susan Kriel

***VERJAARSDAE: MEI Dames***

06 Ansan Bezuidenhoud

27 Daleen Botha

23 Mariaan Budler

16 Annamari Cunningham

17 Corine Greyvenstein

21 Mynie Meintjies

12 Annatjie Keyser

08 Vicky Pelser

11 Susan Potgieter

11 Louisa van der Linde

26 Michelle v d Merwe

31 Anzunette Volschenk

***VERJAARSDAE: MEI Mans***

29 Johan Botha

1 Alex Cunningham

22 Johan Fourie

30 Bill Hilder

26 Lourens Hirchhorn

7 Anton Koekemoer

15 At Mans

24 Frik Mong

11 Johan Olivier

7 Derick v d Merwe

27 Wilkie Wilken

**Seuns Mei**

5 Evald vd Merwe

10 Rickeus Schoultz

***VERJAARSDAE: JUNIE Dames***

07 Arlene Kloppers

09 Nanette Olivier

11 Sondra Koekemoer

11 Adri Swarts

13 Martie Roux

15 Marie Bekker

16 Hannejie Piieterse

17 Hilda Erasmus

23 Jeanette Hirschhorn

**JUNIE Mans**

06 Jurie Botha

06 Willie Meintjies

09 Johan Smith

09 Wally Smith

11 Gerhard Kriel

22 Willie Nel

30 Fred Weber

30 Hein Bekker

**Dogters**

09 Viganie Hattingh

24 Johanė Botha

**Seuns**

03 Martin Coetzee

10 Conrad J v Vuuren

25 Mario Swarts



## *Alles kan in 'n oogwenk verander.*

**Want God werk op vreemde wyses.**
**Sy weë is nie ons weë nie.**
**Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie.**
**Sy tyd is nie ons tyd nie.**

## *DAAROM MOET JY:*

**Diep dink**
**Saggies praat**
**Baie liefhê**
**Vriendelik wees**
**Gereeld lag**
**Blymoedig gee**
**Opreg bid**
**Hard werk**

## *Voluit lewe.*



**Want elkeen wat goed lewe,**
**Lewe lank want ons lewenstyd word nie bereken**
**In jare, dae of ure nie..........**

## *ONTHOU VERAL:*



**Vreugde sterf as jy dit nie vertroetel nie.**

## *DAAROM IS DIT NOU TYD DAT ONS*

**Met sagte hande aan mekaar begin vat**
**Met sagte oë na mekaar begin kyk**
**Met sagte tonge met mekaar praat en 'n daaglikse dosis lag inkry.**



Ek wens vir julle 'n Geseënde dag verder !!!!!!!!!

# Lekker kampkos

Phyllis Vorster
Ek noem die volgende sommer Phyllis se Konkoksie
Ek het iets lekker wat ek altyd maak as ek nie lus is vir braai nie en sommer ook n bietjie groente wil in kry. Ek het nie n spesifieke resep nie, ek pas dit aan na hoeveelhied mense en waarvoor ons lus is.
Dit is maar soos 'n stirfry in n groot pan.
Ek gebruik gewoonlik 'n 2 kg pak hoender . Sny die hoender in kleiner stukkies en sprinkel met sout en peper . Ek gebruik nie speserye nie, wel vars kruie na smaak.
Kook rys eenkant tot gaar, dit moet lekker los wees. Ek was altyd my rys na dit so rukkie gekook het. Vir afwisseling gooi ek dan klappermelk by, olie na smaak en rys-speserye, sout en ekstra water indien nodig en stoom gaar.
1 kg gemengde groente
uie dun gesny
knoffel
kool dun gesny
sout
peper
sojasous
Jy kan vars groente sny of gevriesde groente gebruik of dit meng
Ek braai die hoender in die pan met bietjie olie tot gaar en hou eenkant.
Braai nou die groente tot gaar, maar nog "crisp".
Gooi nou gaar rys saam met groente in pan en meng.
Voeg nou die gaar hoender by en meng. Indien sout kort sprinkel met sojasous.
Baie lekker saam met dit is "Soet Suur Braai sous" wat jy maar by die winkels koop. Die beste is dat elke ou maar sy eie sous meng na smaak.
Dit is baie lekker en kom ver.
Hierdie resep kan jy aanpas en kan baie interesant raak. Jy kan rys afwissel met bruinrys, pasta ens.
Saam met die hoender kan jy ook ontbytspek braai vir afwisseling.
Maalvleis kan ook gebruik word. Vark en biefstuk werk ook baie goed.
Ek sny gewoonlik die vark of biefstuk in langwerpige stukkies, nie te dun en smal nie.
Marineer dit dan in die volgende:
Mieleblom gemeng met genoeg water en sojasous. Al die vleis moet bedek wees .
As jy dit dan braai bly die sousies in die vleis. Die vleis is dan ook baie sag en niks gaan verlore nie.
Jy kan nou maar self gou vir jou 'n resep opstel

Tuna pastagereg
Nog 'n kits, 1-pot pastagereg vir 'n vinnige kamp-ete.
1 pak pasta
1 blik tuna
1 blik tamatie-en-uiesmoor
1 pakkie kits kaassous
Kook pasta gaar, dreineer en gooi terug in pot. Maak souspoeier aan met kookwater. Gooi kaassous, gedreineerde tuna en smoor by pasta in pot. Verhit gereg en bedien dadelik. 4 - 6 porsies.



## Van een pampoen aan 'n ander pampoen!!!!!

Twee medewerkers staan en gesels. Die een vra vir die ander: "Hoe voel dit om 'n Christen te wees?" Sy antwoord en sê: "Dit is soos om 'n pampoen te wees"

"God pluk jou uit die bondel, Hy bring jou in en was al die vuilheid van jou af. Dan sny Hy die pampoen bo oop en skep al die slegte goed uit. Hy haal die pitte van twyfel, haat en angs uit. Dan sny Hy 'n nuwe gesig wat glimlag en plaas Sy lig binne in sodat die hele wêreld dit kan sien."

Ek het hierdie pampoen by 'n ander pampoen gekry. Nou is dit jou beurt om dit vir nog 'n pampoen te gee.

***INDIEN ONAFGELEWER POS AAN :***

**Die Redakteur : Roetsstraat 32**

**Rensburg - 1441**

*Kekelbek gedruk deur XEROX*